

3 Mei

**Skrifgedeelte: Esegïel 22
Fokusgedeelte: Esegïel 22:4**

Die verskrikking van die sonde

Die Ou Testament verwys dikwels na die sonde wat die volk van God gepleeg het. Boeke soos Eksodus en Deuteronomium bevat ook baie wette wat voorskryf hoe die volk moes lewe en wat hulle mag en nie mag doen nie. Daar is dus geen twyfel dat die volk baie duidelik geweet het wat die Here van hulle verwag het. Nogtans het hulle dikwels in sonde geval en op 'n gruwelike wyse van die Here afvallig geword. Esegïel 22 maak dit dan ook baie duidelik wat die volk alles in daardie tyd gedoen het. Hulle het mense vermoor, afgode aanbid, die armes verdruk en egbreuk gepleeg. Wat baie duidelik moes gewees het, is dat die Here nie sulke gruwelike sondes ongestraf gaan laat nie. Die verskrikking van die sonde is dat mense wat in die sonde volhard, hulle eie dag van oordeel verhaas. God gaan hulle oordeel en swaar straf – en hulle verhaas en vererger die straf. Die profete het die volk voortdurend gewaarsku, maar hulle wou nie hoor nie. Nou is die tyd van genade verby en is die oordeel voor die deur. Juis daarom moet ons nie maar vrede maak met die sonde in ons eie lewe of rondom ons nie. Sonde is nie maar 'n onverskillige saak nie. Wie in die sonde bly volhard, moet met die oordeel van God gekonfronteer word. Daarom moet die tug in die kerk steeds gehandhaaf word om so sondaars tot inkeer te roep.

Sing: Psalm 97:4

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)